# Kwartaal 4 Formele Assessering Voorbeeld 1

## Jaareindeksamen (70 punte)

### AFDELING A

**Let wel:**
Vir vrae waar die antwoord net een woord is, skryf jy net die vraag se nommer en die woord. Vir veelvoudige keusevrae skryf jy net die vraag se nommer en die letter van die regte antwoord neer.

**Vraag 1**
Gee 'n woord of term vir elke beskrywing:

1.1 Jy wil dinge doen sonder dat jy gedwing word. (1)
1.2 'n Persoon is seksueel aangetrokke tot iemand van die teenoorgestelde geslag. (1)
1.3 Die manier van optrede wat gebruiklik is in jou gemeenskap en gesin. (1)
1.4 Vaardighede wat jou help om 'n oplossing te kry; jy kry gewoonlik sommige van die dinge wat jy wil hê, terwyl die ander persoon ook party dinge kry wat hy of sy wil hê, maar geeneen kry alles wat julle wil hê nie. (1)
1.5 'n Manier om te sê wat jy wil hê en hoe jy voel sonder om ongeskik te wees. (1)

**[5]**

**Vraag 2**
Is dié stellings waar of onwaar?

2.1 Probleemoplossing is die vaardigheid waarmee inligting in kleiner dele opgebreek word om die geheel te verstaan. (1)
2.2 Sintetisering is die vaardigheid waarmee stukke inligting bymekaargesit word om betekenis uit al die inligting te kry. (1)
2.3 Analisering is die vaardigheid waarmee ooreenkomste en verskille gesoek word. (1)
2.4 Kreatiewe denke is die vaardigheid waarmee inligting wat jy reeds een keer tevore gelees het, hersien word. (1)
2.5 Evaluering is die beoordeling van die waarde van inligting. (1)

**[5]**

**Vraag 3**
Vul die volgende ontbrekende woorde in dié sinne in – ondernemende, realistiese, ondersoekende, sosiale en konvensionele:

3.1 Mense in die _____ loopbaankategorie behoort goeie luister- en kommunikasievaardighede te hê. (1)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

3.2 Mense in die _____ loopbaankategorie behoort goeie organisatoriese en klassifiseringvaardighede te hê, en moet goed kan konsentreer. (1)

3.3 Mense in die _____ loopbaankategorie moet entrepreneuries wees en hul idees goed kan kommunikeer. (1)

3.4 Mense in die _____ loopbaankategorie moet hoogs ondersoekend wees. (1)

3.5 Mense in die _____ loopbaankategorie moet gereedskap goed kan gebruik. (1)

**[5]**

**Vraag 4**

Noem vyf aktiwiteite wat kinestetiese leerders geniet. **[5]**

**Vraag 5**

Noem vyf dienste wat die plaaslike regering aan die gemeenskap behoort te lewer. **[5]**

**Puntetotaal Afdeling A: 25 punte**

## AFDELING B

**Vraag 6**

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae:

*Maya is 'n graad 8-leerder. Haar ouers wil hê dat sy 'n onderwyser of maatskaplike werker word, omdat hulle dink dit is gepaste loopbane vir 'n meisie. Maya stel nie belang in enige van dié loopbane nie, maar sy weet nie wat sy sal verkies om te doen nie. Haar gunstelingvakke is Wiskunde, Wetenskap en Kuns en Ontwerp. Haar stokperdjies is om modelvliegtuigies te maak en Sudoku. Sy is baie skaam en het net een hegte vriend by die skool. Sy is lief vir haar land en wil tot die ontwikkeling daarvan bydra.*

6.1 Verduidelik waarom Maya se ouers se loopbaankeuses nie geskik is vir haar nie. (2)

6.2 Gebruik die inligting hierbo en volg die besluitnemingsproses in die Leerderboek om 'n gepaste loopbaan vir Maya voor te stel. (6)

**[8]**

**Vraag 7**

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae:

*Peter se pa is twee jaar gelede oorlede en sy ma is onlangs weer getroud. Peter en sy ma woon nou in sy stiefpa se huis. Naweke gaan sy stiefpa dikwels saam met sy vriende uit en raak dronk. Wanneer hy dan laat in die nag by die huis kom, weier sy ma dat hy in haar kamer inkom, dus moet hy dan op die ekstra bed in Peter se kamer slaap. Soms klim hy by Peter in die bed en molesteer hom seksueel. Toe Peter dit vir sy ma vertel, was sy kwaad en sê hy vertel leuens omdat hy nie van sy stiefpa, wat vir hulle 'n gerieflike huis gee, hou nie.*

7.1 Watter regte van Peter word geskend? (2)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

7.2 Maak twee voorstelle hoe Peter die geweld kan stop en die situasie hanteer. (6)

**[8]**

**Vraag 8**

Jou skoolhoof het jou gevra om 'n pamflet oor selfmotivering vir aanstaande jaar se graad 8-leerders op te stel, gegrond op jou eie ervaring van die begin van die hoërskool. Skryf twee of drie sinne wat verduidelik waarom dit belangrik is om selfgemotiveerd op hoërskool te wees. Stel dan vier dinge voor wat leerders kan doen om hulself te motiveer. (5 en 4) **[9]**

**Totaal Afdeling B: 25 punte**

## AFDELING C

**Beantwoord TWEE van die volgende vrae:**

**Vraag 9**

Jou plaaslike koerant hou 'n kompetisie vir 'n voorstel oor 'n "Trots Suid-Afrikaans"-gebeurtenis in jou omgewing. Stel 'n voorlegging saam wat die volgende inligting moet insluit:

9.1 Lys die verskillende kultuurgroepe wat in jou omgewing woon en sê wat hulle in gemeen het. (4)

9.2 Gee 'n oorsig van die fokus van die gebeurtenis, en noem twee aktiwiteite wat verband hou met die gemene belangstellings wat jy hier bo geïdentifiseer het. (4)

9.3 Gee 'n oorsig van die voordele van hierdie gebeurtenis vir die gemeenskap. (2)

**[10]**

**Vraag 10**

In die afgelope maand is die volgende voorvalle by jou skool aangemeld:

- Tydens 'n bespreking van kulturele feesvierings in 'n LO-les het 'n leerder beskryf hoe 'n koei geslag is by 'n tradisionele troueplegtigheid wat sy bygewoon het. 'n Klasmaat het haar 'n "barbaar" genoem.
- 'n Leerder het aan 'n Hindoe-leerder gesê hy "gaan hel toe omdat hy baie gode aanbid".
- 'n Groep leerders het Xitsonga op die speelterrein gepraat, en ander leerders het met hulle gespot en hulle uitgelag.

Jou skoolhoof is besorg oor die onverdraagsaamheid wat sommige leerders by die skool teenoor andere toon. Sy het voorstelle oor 'n gedragskode gevra wat sal voorkom dat sulke voorvalle in die toekoms plaasvind. Watter menseregte word in bogenoemde voorbeelde geskend? Waarom is dit belangrik dat ons verdraagsaamheid aan mekaar betoon? Stel drie items voor vir die gedragskode. **[10]**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

**Vraag 11**
In jou gemeenskap is die strate en sypaadjies vuil, en daar lê gebreekte vullissake wat verrottende vullis bevat buite baie van die huise omdat dit nie gereeld verwyder word nie. Soms gaan twee weke verby voordat die vullis verwyder word. Party mense het begin om hul vullis te verbrand – 'n praktyk wat jy weet nie kragtens die plaaslike ordonnansies toegelaat word nie – en die rook besoedel die lug.
Skryf aan jou plaaslike raadslid oor dié ongesonde omgewingsprobleem. Jou eerste paragraaf moet in hooftrekke jou kommer oor die probleem van die gesondheidsgevare in die omgewing beskryf en wys op watter menseregte geskend word. Jou tweede paragraaf behoort 'n plan van aksie voor te stel wat die probleem kan oplos. **[10]**

**Puntetotaal Afdeling C: 20 punte**
**Groottotaal: 70 punte**

# Kwartaal 4 Formele Assessering Voorbeeld 1 Memorandum

## Jaareindeksamen (70 punte)

### Afdeling A (25 punte)

**Vraag 1 (5 punte)**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | gemotiveerd | (1) |
| 1.2 | heteroseksueel | (1) |
| 1.3 | norm | (1) |
| 1.4 | onderhandeling | (1) |
| 1.5 | beslis | (1) |

**Vraag 2 (5 punte)**

| | |
|---|---|
| 2.1 Onwaar | (1) |
| 2.2 Waar | (1) |
| 2.3 Onwaar | (1) |
| 2.4 Onwaar | (1) |
| 2.5 Waar | (1) |

**Vraag 3 (5 punte)**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | sosiale | (1) |
| 3.2 | konvensionele | (1) |
| 3.3 | ondernemende | (1) |

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

3.4 ondersoekende (1)
3.5 realistiese (1)

**Vraag 4 (5 punte)**

Leer met aksie en beweging, praktiese aktiwiteite; nagebootste ervarings uit die ware lewe, die aanraking, voel en vashou van voorwerpe, eksperimente, die maak van modelle (enige 5).

**Vraag 5 (5 punte)**

Voorsien skoon, veilige water, sanitasiedienste, vullisverwydering, die opstel van ordonnansies om omgewingsgesondheid te verseker (byvoorbeeld om storting te voorkom) en die indiensneming van praktisyns in omgewingsgesondheid om omgewingsgesondheid te beheer (byvoorbeeld om restaurants te kontroleer)

## Afdeling B (25 punte)

**Vraag 6 (8 punte)**

6.1 Onderwys en maatskaplike werk val in die 'sosiale' beroepskategorie en Maya is skaam en sosialiseer nie graag nie. (2)

6.2 Byvoorbeeld: Stap 1: Identifiseer belangstellings: modelvliegtuie, Sudoku
Stap 2: Identifiseer vermoëns en sterk punte: getalprobleme, ontwerp en maak van dinge
Stap 3: Identiiseer waardes: wil tot die ontwikkeling van die land bydra
Loopbaankategorie: Ondersoekend, realisties
Moontlike loopbane: Ingenieur, argitek (of enige gepaste voorstel) (6)

**Vraag 7 (8 punte)**

7.1 Enige twee: Reg tot beskerming teen geweld, waardigheid, privaatheid, veiligheid en sekuriteit. (2)

7.2 Leerder se eie idees. Voorbeelde: Praat met 'n volwassene wat hy vertrou (bv. godsdiensleier, onderwyser, volwasse familielid; probeer om moeder te oortuig deur selfgeldend te wees deurdat hy daarvan bewus is van sy eie regte en weet dat dit nie sy fout is nie. (2 × 3 = 6)

**Vraag 8 (9 punte)**

Paragraaf 1: Die leerder se eie idees oor die belangrikheid van selfmotivering in 2 of 3 sinne. Voorbeelde: groter klasse, hoërskool is meer veeleisend; onderwysers het nie tyd om aan elke leerder aandag te gee nie; leerders is nie meer klein nie en daar word verwag dat hulle meer vir hulself doen - hulle moet vir tersiêre opvoeding en die werkplek voorberei. (5)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

Paragraaf 2: Enige vier voorstelle uit afdeling Leerderboek "Hoe om selfgemotiveer te wees" of die leerder se eie idees. Voorbeelde: gereelde oefening, aanleer van 'n nuwe vaardigheid, ken en bou aan jou eie sterk punte, gebruik positiewe selfmotivering en glo in jou self, stel vir jouself doelwitte. (4)

### Afdeling C (25 punte)

**Vraag 9 (10 punte)**

9.1 Leerder se eie lys van kultuurgroepe en wat hulle in gemeen het. (4)

9.2 Fokus van die veldtog en twee aktiwiteite wat verband hou met die gemene belangstellings hierbo genome. (4)

9.3 Leerder se eie idees oor die voordele van hierdie veldtog vir die gemeenskap. (2)

**Vraag 10 (10 punte)**

Vryheid van godsdiens, reg tot waardigheid en respek, vryheid om jouself in jou eie taal uit te druk. Leerder se eie opinie. Drie gepaste items wat regte beskerm en verdraagsaamheid bevorder.

**Vraag 11 (10 punte)**

Paragraaf 1: Leerder se eie opsomming oor kwessies rakende die gesondheidsprobleme (lugbesoedeling, verspreiding van siektes). Volgens die Grondwet het jy 'n reg om in 'n skoon, gesonde en veilige omgewing te woon. (5)

Paragraaf 2: Leerder se eie idees oor die hantering van die probleem: bv. verbeterde dienslewering, bewustheidsveldtog rakende by-laws, omgewingsgesondheidskwessies, betrek van leerders en werkloses by opruiming. (5)

# Kwartaal 4 Formele Assessering Liggaamsopvoedingtaak (LOT)

## Liggaamsopvoedingtaak (30 punte)

- Leerders se deelname sowel as bewegingsprestasie sal kwartaalliks in Lewensoriëntering geassesseer word.
- Vir deelname, ken vir elke leerder ’n punt uit 20 toe volgens die kriteria op bladsy 16 van hierdie Onderwysersgids.
- Assesseer leerders se bewegingsprestasie 2 keer per kwartaal vir ’n totaal van 10 punte (5 punte × 2) volgens Kriterium 2 op bladsy 16 van hierdie gids.

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

# Kwartaal 4 Formele Assessering Voorbeeld 2

## Jaareindeksamen (70 punte)

### AFDELING A

**Vraag 1**

1.1 Watter van die volgende is ’n ooreenkoms geteken tussen die Suid-Afrikaanse regering en ander lande regoor die wêreld?
- a. Environmental Health Practitioners
- b. CITES
- c. Endangered Wildlife Trust
- d. Die Wet op Omgewingsbestuur (1)

1.2 Wat is die naam van die Suid-Afrikaanse spesiale ondersoekeenheid wat sakeondernemings ondersoek wat die omgewing besoedel of beskadig?
- a. die Valke
- b. die Spesiale Ondersoekeenheid
- c. die Luiperds
- d. die Groen Skerpioene (1)

1.3 Wat is die naam van die internasionale dag waarop mense hulle ondersteuning vir omgewingbewaring toon?
- a. Wêreld-erfenisdag
- b. Klimaatdag
- c. Aardedag
- d. Groen dag (1)

1.4 Op watter datum is die internasionale dag waarop mense hulle ondersteuning vir omgewingsbewaring toon?
- a. 1 Mei
- b. 22 April
- c. 27 April
- d. 10 Mei (1)

1.5 Ons het ’n reg op ’n veilige en gesonde omgewing. Wat is ons verantwoordelikheid wat by hierdie reg inskakel?
- a. Om die omgewing op te pas
- b. Om ons huise skoon te hou
- c. Om teen renosterstropery te betoog
- d. Om omgewingsgesondheidsprogramme te implementer (1)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

**[5]**

**Vraag 2**

2.1 Pas elke regeringsvlak by die rol wat dit in die bewaring van die omgewing speel

| | |
|---|---|
| A. Grondwet | 1. Stel regulasies in en implementeer wette |
| B. Nasionale regering | 2. Maak munisipale regulasies om die omgewing te beheer |
| C. Nasionale en provinsiale regering | 3. Beskerm omgewingsregte |
| D. Plaaslike regering | 4. Ontwikkel beleidsrigtings en wette |

(4)

2.2 Is hierdie stelling waar of onwaar?
Mense in gemeenskappe is verantwoordelik daarvoor om sakeondernemings wat omgewingswette oortree, aan te kla of te rapporteer. (1)

**[5]**

**Vraag 3**

Kies die regte woord uit die twee moontlikhede.

3.1 Onderhandelingsvaardighede sluit in dat (jy/ek) -stellings gebruik word. (1)

3.2 Mense se alledaagse manier van optrede en wat hulle as normaal beskou, word (norme/waardes) genoem. (1)

3.3 As jy seksueel aangetrokke is tot iemand van dieselfde geslag, word dit (heteroseksualiteit/homoseksualiteit) genoem. (1)

3.4 As jy stukke inligting bymekaarsit om al die inligting te probeer verstaan, word dit (analisering/sintetisering) genoem. (1)

3.5 Wanneer jy oor jou standpunt onderhandel, sal jy die waarskynlikste slaag as jy (onderdanige/selfversekerde) liggaamstaal gebruik. (1)

**[5]**

**Vraag 4**

Noem maniere waarop mense vertroue in 'n verhouding kan bou. **[5]**

**Vraag 5**

1.1 Hoe kan 'n persoon se kultuur sy of haar selfbeeld beïnvloed? (2)

1.2 Noem drie maniere waarop ons 'n positiewe selfbeeld kan bou in die manier waarop ons oor kultuur dink. (3)

[5]

**Puntetotaal Afdeling A: 25 punte**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

## AFDELING B

**Vraag 6**

Beantwoord die vrae gebaseer op hierdie scenario

*Mandisa woon in 'n gebied waar daar baie bendes en hoë misdaadsyfers is. Sy het onlangs tik gebruik by 'n partytjie. Sy weet dat dit gevaarlik is, maar sy weet nie of sy dwelms wil los of nie.*

6.1 Verduidelik hoe Mandisa haar besluit kan neem. (3)

6.2 Wat kan die gevolge wees as sy voortgaan om dwelms te gebruik? En wat kan die gevolge wees as Mandisa skoon bly van dwelms? (6)

**[9]**

**Vraag 7**

Nasiebou

7.1 Noem twee dinge wat ons moet regkry om ons nasie suksesvol te bou. (2)

7.2 Beskryf twee maniere wat Suid-Afrikaners gebruik om 'n gemeenskaplike identiteit te skep. (2)

7.3 Beskryf twee maniere waarop óf individue óf groepe tot nasiebou in Suid-Afrika bygedra het. (2)

**[6]**

**Vraag 8**

Skryf 'n paragraaf oor kultuurdiversiteit.

Skryf 'n paragraaf van nie meer as tien sinne nie oor 'n verskil tussen jou kultuur en 'n ander kultuur en beskryf hoe mense van die verskillende kultuurgroepe hierdie verskil kan respekteer. **[10]**

**Puntetotaal Afdeling B: 25 punte**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

## AFDELING C

**Beantwoord TWEE van die drie vrae.**

**Vraag 9**

Lees die scenario en skryf dan die brief.

*Andrew was dronk by 'n partytjie en het met 'n ouer seun baklei. Hy het later ook seks gehad met iemand by die partytjie en kan nie onthou of hy 'n kondoom gebruik het of nie. Hy is nou bekommerd dat hy dalk met MIV besmet is.*

Skryf 'n brief aan Andrew waarin jy vir hom raad gee oor wat om te doen as hy MIV-positief sou wees, en hoe hy homself in die toekoms kan beskerm. **[10]**

**Vraag 10**

Lees die scenario en beantwoord die vraag.

*Sê nou jy kom agter dat party van die leerders by jou skool van die jonger leerders boelie. Hulle keer ook dat meisies sport op die skoolgrond beoefen en sê beledigende dinge vir die meisies.*

Verduidelik watter menseregte geskend word en gesels oor hoe jy en ander leerders by jou skool hierdie menseregteskendings kan voorkom of stopsit. **[10]**

**Vraag 11**

Beskryf denkvaardighede.

*Om op skool en in jou loopbaan goed te vaar, maak jy van verskillende denkvaardighede gebruik: ontleding, samevatting, verduideliking, evaluering, probleemoplossing en kreatiewe denke.*

Beskryf drie van hierdie denkvaardighede deur gebruik te maak van voorbeelde uit die aanleer van 'n spesifieke vak op skool. Sê dan watter manier van dink jy die meeste geniet en hoe dit inskakel by 'n loopbaanveld wat jy graag wil volg. **[10]**

**Puntetotaal Afdeling C: 20 punte**

**Groottotaal: 70 punte**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

# Kwartaal 4 Formele Assessering Voorbeeld 2 Memorandum

## Jaareindeksamen (70 punte)

### Afdeling A (25 punte)

**Vraag 1 (5 punte)**

1.1 b (1)
1.2 d (1)
1.3 c (1)
1.4 b (1)
1.5 a (1)

**Vraag 2 (5 punte)**

2.1

| | |
|---|---|
| A. Grondwet | 3. Beskerm omgewingsregte |
| B. Nasionale regering | 4. Ontwikkel beleidsrigtings en wette |
| C. Nasionale en provinsiale regering | 1. Stel regulasies in en implementeer wette |
| D. Plaaslike regering | 2. Maak munisipale regulasies om die omgewing te beheer |

(4)

2.2 Waar (1)

**Vraag 3 (5 punte)**

3.1 ek (1)
3.2 norme (1)
3.3 homoseksualiteit (1)
3.4 sintetiserende (1)
3.5 selfversekerde (1)

**Vraag 4 (5 punte)**

Maniere waarop mense vertroue in ’n verhouding kan bou, is om die persoon te aanvaar vir wie hy of sy is en om nie te probeer om hom of haar te verander nie; wees eerlik, maar moenie dinge sê om iemand seer te maak nie; ondersteun en moedig jou maat aan; wees geloofwaardig; wees bereid om ’n vergelyk te tref; wees betroubaar; moet nie besitlik of beherend wees nie en praat openlik oor jou gedagtes en gevoelens. (enige 5)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

**Vraag 5 (5 punte)**

5.1 Kultuur sluit ons geskiedenis in en is ’n belangrike deel van ons identiteit. Ons kultuurgroep leer ons ook hoe om op te tree sodat andere ons aanvaar. (2)

5.2 Respekteer ons kultuur en dié van ander mense; dink na oor wat mense van verskillende kulture met mekaar kan deel; en dink na oor wat jy van mense van ander kulture kan leer. (3)

## Afdeling B (25 punte)

**Vraag 6 (9 punte)**

6.1 Mandisa moet ’n lys maak van die dinge wat maak dat sy die dwelm wil gebruik, en ’n lys van wat haar sal keer om die dwelm te gebruik. Sy sal al hierdie faktore moet opweeg en ‘n helder besluit neem. Aanvaar ook ’n lys van gevolge, of ’n lys van die ondersteuning wat sy nodig het. (3)

6.2 Leerders se antwoorde sal wissel maar moet insluit liggaamlike, emosionele, gesins-, en finansiële probleme wat waarskynlik sal volg as Mandisa aanhou om tik te gebruik: bv. Sy sal verslaaf raak, haar vel, tande, hare en interne organe sal beskadig word, sy sal konflik met haar gesinslede optel, betrokke raak by geweld en misdaad, verkrag word of iemand verkrag, ens. Positiewe gevolge kan dalk insluit die gevoel dat sy iewers tuis/gemaklik voel, dat haar vrees vir die bendelede verlminder, gewigsverlies, ens. Die gevolge as sy nugter bly kan wees dat sy deur haar vriende verwerp word, haar studies sal kan voltooi, genoeg geld sal hê vir die toekoms, hoërisiko-aktiwiteite wat kan uitloop op MIV-infeksie vermy, tienerswangerskap, geweld, en uiteindelik die dood. Nuwe maniere ontdek wat haar kan help om alles te hanteer, ens. (6)

**Vraag 7 (6 punte)**

7.1 Enige twee van die volgende: skep ’n gemeenskaplike, gedeelde Suid-Afrikaanse identiteit. Maak seker dat ons demokrasie goed werk. Voldoen aan mense se basiese behoeftes soos kos, behuising, gesondheidsorg, opvoeding en werkgeleenthede. (2)

7.2 Enige twee van die volgende: nasionale simbole, met inbegrip van al die tale en kulture van Suid-Afrika se mense in ons nasionale identiteit, identifiseer met en bou op die dinge wat ons deel, byvoorbeeld, geniet musiek en sport – alles wat Suid-Afrikaners in gemeen het. (2)

7.3 Enige relevante voorbeelde – bv. mense van ander kultuurgroepe moet in die huis welkom wees, deel hulpbronne met skole uit ander gebiede, Trots Suid-Afrikaanse logo ensovoorts. Maak seker dat die leerders beskryf hoe hierdie dinge tot nasiebou bydra, eerder as om net lyste te maak van mense of groepe se name. (2)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

**Vraag 8 (10 punte)**
Die eerste twee of drie sinne moet ’n verskil beskryf tussen die leerder se kultuur en ’n ander kultuur. Die leerder moet daarna maniere voorstel waarvolgens mense van die verskillende kultuurgroepe hierdie verskil kan respekteer. Leerders kan ook noem hoe hierdie aspek van hulle kultuur hulle beïnvloed het, of hoe hierdie verskil misverstande en struikelblokke tot gevolg kan hê.

## Afdeling C (20 punte)

**Beantwoord TWEE van die drie vrae.**

**Vraag 9 (10 punte)**
Die raad in die brief moet ’n MIV-toets insluit, sodat hy weet wat sy status is. As hy positief toets, sal hy sy kliniek gereeld moet besoek, gesonde kos moet eet, fiks bly en ’n positiewe houding moet aankweek. Hy sal vir die res van sy lewe ARV-middels moet gebruik sodra sy CD4-telling tot onder 350 daal. Om homself in die toekoms te beskerm, moet hy wegbly van drank, bakleiery en onveilige seks. Om na te dink oor wat hy in sy lewe wil bereik – wat sy drome is, en om dan te besluit of sy hoërisikogedrag hom sal help om dit te bereik.

**Vraag 10 (10 punte)**
Regte wat geskend word sluit in die reg op die waardigheid, veiligheid en sekuriteit van die persoon, en die reg op gelykheid. Idees om menseregteskending te voorkom sal wissel, maar kan insluit om dit aan die skoolhoof te rapporteer, of aan die polisie of volwasses wat jy vertrou, opstaan vir ander se regte, mense bewus maak van/opvoed ten opsigte van hulle regte, om op verskeie maniere aktivis te word.

**Vraag 11 (10 punte)**
Leerders moet drie van die denkvaardighede op die lys beskryf en ’n voorbeeld verskaf van wanneer hulle daardie vaardigheid in hulle vakke aanwend. Hulle moet dan sê watter denkwyse hulle die meeste geniet en hoe dit inskakel by ’n loopbaanveld wat hulle eendag wil volg.

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013